SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: BEELD

Topic: 01

1

Date: 05-Oct-2011

Ref No: 3753

ID: 04001086-01

Source Page: 10

# Stakingsgeweld: vakbonde kan opdok



**Arbeidsiening**

Jan de Lange

Die spesiale risiko-versekeringsmaatskappy, Sasria, het in die apartheidsjare laas verliese as gevolg van politieke onrus aangemeld.

Tot verlede week; want Sasria se jaarverslag, wat verlede week in die parlement ter tafel gelê is, maak bekend dat versekeringseise van meer as R100 miljoen – wat met stakings verband hou – verlede jaar by Sasria ingedien is.

'n Mens lees nogal met gemengde gevoelens mnr. Cyril Ramaphosa, die voorsitter, se kommentaar op die eise wat uit stakings voortspruit.

"Suid-Afrika het toenemende protes en uitgerekte loononderhandelinge beleef wat 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie gehad het deur uitgebreide skade aan eiendom en die koste wat onderbrekings vir sakeondernemings meegebring het," lui sy voorsittersrede.

Dis die eerste keer in jare dat Sasria moet pa staan vir groot eise vir skade wat in stakings aangerig is. In die 1980's was dit uiteraard taamlik algemeen

Die verslag is feitlik net 'n dag ná die appèlhofuitspraak van regter Navsa ingedien. Hy het die appèl verwerp van die SA Transport & Allied Workers Union (Satawu) teen 'n beslissing dat dié vakbond aanspreeklik is vir skade in 2006 wat straatsmouse en ander omstanders gely het in 'n protesoptog deur Satawu in die Kaapstadse middestad tydens die staking van private sekuriteitswagte.

Wat dit nog interessanter maak, is dat Sasria se voorsitter wat die verslag ter tafel gelê het, niemand minder is nie as die stigter van die land se grootste vakbond en dryfkrag agter die 1987-mynstaking van die National Union of Mineworkers (NUM) wat alerweë beskou kan word as die begin van die arbeidsbestel wat ons vandag in Suid-Afrika het.

Tot en met die uitspraak van regter Navsa het die argument gegeld dat 'n vakbond nie aanspreeklik gehou kan word vir die optrede van sy lede nie.

Daarvolgens geld 'n streng onderskeid tussen 'n vakbond en sy lede en is die vakbond die agent en verteenwoordiger van sy lede wat voorspraak maak vir sy lede; baie soos 'n regsverteenwoordiger wat in 'n hof namens sy kliënt optree.

Net soos 'n regsverteenwoordiger nie gestraf kan word vir die optrede van sy kliënt nie, kan 'n vakbond nie die skuld kry vir die gedrag van sy lede nie.

As dié beginsel afgetakel word, sal dit die uitoefen van die reg op vryheid van assosiasie en die reg op openbare protes só ondermyn dat dit ongrondwetlik sal wees – dit was jare lank die argument wanneer daar probeer is om vakbonde vir skadevergoeding aanspreeklik te hou.

Regter Navsa sê in sy uitspraak dat dié staking reeds voor die optog só gewelddadig was dat Satawu moes voorsien het dat die optog ook op geweld kon uitloop en dat dit onmoontlik was om maatreëls te tref wat geweld sou voorkom. "In hierdie saak was daar, volgens die getuienis van die vakbond se eie verteenwoordiger, gebeure in die aanloop tot die optog wat tot 'n vloeibare situasie gelei het.

"Dit was 'n uitgerekte en vyan-

> 'n Meganisme kan geskep word waarmee die arbeidshof 'n staking tot gewelddadig kan verklaar, wat beteken dat dit 'n onbeskermde staking word.

dige staking en talle mense is daarin dood.

"Onder sulke omstandighede kan aangevoer word dat geen maatreëls getref kon word wat sou voorkom dat die protesoptog in onluste verval nie. Dit is eintlik onafwendbaar dat 'n verweerder wat in sulke omstandighede voortgaan om 'n protesoptog te reël, sal eindig met aanspreeklikheid daarvoor.

"Of anders gestel: Iemand wat volhard en 'n byeenkoms reël waar redelikerwys voorsien kan word dat geen maatreëls ingestel kan word om te voorkom dat dit in onluste ontaard nie, kan kwalik aan aanspreeklikheid ontsnap vir skade wat mense en eiendom berokken word," lui Navsa se uitspraak.

Net om geheues te verfris: Die sekuriteitstaking in 2006 het 'n raps langer as drie maande geduur. In dié tyd is 79 sekuriteitsbeamptes wat nie aan die staking wou deelneem nie wreedaardig vermoor, onder meer deurdat hulle voor treinwiele ingegooi is.

Dit was loshande die gewelddadigste staking wat Suid-Afrika post-1994 al beleef het. Om die waarheid te sê, selfs voor 1994 was sulke bloedvergieting tydens 'n staking seldsaam.

Omdat die sekuriteitstaking oor só 'n lang tydperk gestrek het, het besluitnemers nie behoorlik boekgehou van die moorde nie. Die bloeddorstigheid daarvan is nooit behoorlik aan die groot klok gehang nie.

Cosatu stem uit die aard van die saak nie hiermee saam nie. Hy gaan die saak in die konstitusionele hof beveg. As dié hof met regter Navsa saamstem, sal dit inderdaad daarop uitloop dat vakbonde se reg om protesoptogte te reël, ingekort word.

Dit sal jammer wees, maar dis moeilik om te verskil met die eenvoudige logika van regter Navsa se redenasie in 'n taamlik ingewikkelde hofsaak.

Wat eintlik moes gebeur het, is dat die regering 'n regterlike kommissie van ondersoek moes aanstel om die gewelddadigheid van dié staking te ondersoek.

Geen beskaafde land kan tog toelaat dat konflik oor arbeidsverhoudinge tot só 'n bloedbad lei nie. In enige ander demokrasie sou dit 'n openbare storm ontketen het, maar hier het dit skaars 'n rimpeling veroorsaak.

As 'n regter die geweld tydens die staking ondersoek het en aanbevelings gedoen het om 'n herhaling daarvan te voorkom, het ons teen dié tyd waarskynlik al nuwe maatreëls in ons arbeidswetgewing gehad wat voorbrand maak teen gewelddadigheid tydens arbeidsoptrede soos stakings en protesoptogte.

Mnr. John Brand, die veteraan-arbeidsregpraktisyn, het reeds vroeër al bepleit dat 'n meganisme geskep word waarmee die arbeidshof 'n staking as gewelddadig kan verklaar, wat beteken dat dit 'n onbeskermde staking word.

Nou is Suid-Afrika by die stadium waar die konstitusionele hof waarskynlik regspraak sal moet lewer wat vakbonde aan siviele eise blootstel.